Boodskap van die week

Dink anders oor voorspoed!

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Een van die mooiste beloftes in die Bybel kry ons in Jeremia, een vd ***Jer 29: 11: Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!*** Dit is ’n mooi vers wat vertel dat God se hart is dat dit goed sal gaan met ons. Maar ons wil hê dit moet NOU gebeur. En God se plan is anders as mense s’n. Wanneer God vir my iets beloof, wil Hy hê ek moet saam met Hom droom oor wat voorlê, al voel ek nie elke dag so nie. Ek moet met hoop leef. En dit vat soms tyd, want God se antwoorde is gewoonlik nie ’n kitsoplossing nie. As ons die vorige verse van Jer 29 lees, kom ons agter dat God vir die Israeliete wil hoop gee terwyl hulle in ballingskap is: weg van hulle land en eie mense en eie kultuur - baie soos ons voel in lockdown-tyd. In hulle moeilike omstandighede kom sê God vir hulle ’n paar dinge: ***4So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het: 5Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, 6trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. 7Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.***

Wat sê dit oor God en sy plan?

God se plan…

- …is anders as mense s’n
- …is net goed
- …is nie ’n kitsoplossing nie
- …is met jou oppad na ’n hoopvolle toekoms

So volgens verse 4 - 7 kom sê God dat ons moeilike omstandighede moet huise te bou (vers 5), dws settle en nie weghardloop nie, om kinders daar groot te maak (vers 6) dws die Here te vertrou vir ons kinders ook, en om die belange van die vreemde plek waar hulle is te bevorder. As hulle in hul swaarkry hard werk, goed doen aan ander en die Here vertrou, sal die Here hulle ook seën. En dit moet hulle hoop gee in die tyd waarin hulle is.

Wat vir vandag?

1. Hoe lyk jou ‘ballingskap’ wat jy ervaar nou?
2. Wanneer God vra: “Bou huise!”, hoe vra Hy jou om te wys ‘jy is hier om te bly’? Wat beteken dit vir jou?
3. Wat kan jy doen om te wys jy vertrou dit wat die Here vir jou ingedagte het?
4. in vers 7 vra die Here dat ons die belange van ander sal bevorder, dan sal ons belange ook bevorder word, en ons geseën word. Wat doen jy of kan jy doen om in hierdie tyd ander se belange te bevorder. Raak lekker prakties.
5. As jy een ding vir God kon vra, wat sou dit wees. Enige iets!

Uitgedaag…

Neem ’n besluit om iets te gaan doen of te gaan wees as jy hoor dat die Here vir jou vandag, in hierdie tyd weer kom roep om anders te wees.

Gebed: Vra vir geduld, en dat die Here vandag sal begin om jou te gebruik sodat ander en jy die vrug daarop kan kry in die toekoms, tot in die ewigheid.

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...